**Op 'n drafstap**

deur André Gobey

# Irvette gunsteling vir Saterdag se Spar

Daar heers groot opwinding in die aanloop tot die Pretoria-been van die Spar-vrouewedloop waar 25 000 heldhaftige vroue van verskillende agtergronde hierdie Saterdag by SuperSport-park in Centurion in hul tekkies sal aantree in 'n gees van samesyn en welwillendheid.

Die groot vraag op almal se lippe is wie vanjaar se kampioen sal wees. Dit lyk of die verdedigende kampioen en rekordhouer, Irvette van Zyl, van die Nedbank-atletiekklub 'n groot gunsteling onder die tuisskare is ná haar pragvertoning verlede jaar toe sy vir 'n uitgelese veld atlete die hakskene gewys het om die wedloop in 'n tyd van 34:36 te wen.

Die rekord van 33:32 wat sy in 2014 opgestel het, is steeds die Gauteng-Noord-10 km-padwedlooprekord en naas Zola Budd se tyd van 32:20 in 1983 die vinnigste tot nog toe deur 'n Suid-Afrikaner in die binneland.

Die Spar-wedloop is haar eerste kompetisie ná die geboorte van haar en haar man, die Olimpiese atleet LJ van Zyl, se tweede seuntjie, Gideon op, 9 Junie.

Sy kom egter vanjaar te staan teen die sterkste opposisie wat tot nog toe vir die Spar-wedloop ingeskryf het.

Dit sluit in die huidige voorloper in die landswye Spar Grand Prix-reeks, Glenrose Xaba (wat reeds vanjaar 'n tyd van 33:27 in Durban aangeteken het), en verlede jaar se Grand Prix-wenner, Kesa Moletsane, wat spog met 'n tyd van 32:56, wat sy verlede jaar in Kaapstad behaal het.

Dan is daar 'n hele rits atlete van die Nedbank Internasionale atletiekklub soos Mamoralla Tjoka en Melida Khatala van Lesotho, Rudo Mkhonderwa en Rutendo Nyahora van Zimbabwe en Susy Chemaimak van Kenia. Tjoka, Chemaimak, Khatala en Rutendo was onderskeidelik eerste, derde, vierde en agtste by die Suid-Afrikaanse halfmarathon-kampioenskap die pasafgelope naweek in Port Elizabeth.

Vir die meeste deelnemers het die tema van vanjaar se wedloop, "Find your wings", 'n persoonlike betekenis in hul lewe, en hulle wil graag 'n hand uitreik na ander vir wie uitdagings dit moeilik maak om moed te hou.

Sowel die 5 km- as 10 km-wedlope begin om 14:00 waarna deelnemers deur bekende kunstenaars soos Joe Black en Willem Botha vermaak sal word.

Buiten die geskenkpakkies wat drawwers en stappers op die dag sal ontvang, staan hulle ook 'n kans om 'n Suzuki-motor in 'n gelukkige trekking te wen.

Hoewel inskrywings by winkels al gesluit het, kan atlete nog hierdie week by SuperSport-park inskryf. Navrae kan gedoen word by 011 203 5303.



**Irvette van Zyl sal Saterdag probeer om haar titel by die Spar-vrouewedloop by SuperSport-park te verdedig.**